PLATINUM Weekblad/Weekly



# SPORT

## Hoërskool Rustenburg ondersteun Hospice


Die Rusties wys hulle gee graag!

**Rustenburg** – Die Hoërskool Rustenburg gee graag terug aan die gemeenskap, deur elke kwartaal 'n liefdadigheidsprojek aan te pak. Die Rusties het op Dinsdag 8 September hul liefdadigheidspoging aan Hospice oorhandig.

"Dit is nie net 'n manier om betrokke te raak by 'n gemeenskap wat die skool ondersteun in alles wat hulle aanpak nie, maar om tieners te leer om nie net aan hulself te dink nie. Dus ondersteun die skool jaarliks in September Hospice. Hierdie jaar het die Rusties 118 sakke klere en ander benodighede ingesamel," sê Adrie Jacobs, onderwyser en landsdiensorganiseerder by RHS.

Hospice verskaf 'n bitter noodsaaklike diens aan die gemeenskap, naamlik om die weerlose te versorg. Hulle verskaf mediese versorging aan terminaal siek pasiënte en hul gesinne. Daar is tans in Rustenburg 487 pasiënte en 35 weeskinders onder hulle sorg.

Hulle samel fondse in deur hergebruik en herwinning, en gebruik daardie fondse om hulp te verleen. Die Hoërskool Rustenburg het die afgelope week 'n poging van stapel gestuur om tweedehandse klere, speelgoed, nie-bederfbare voedsel en toiletware in te samel.

Hospice Rustenburg verkoop dan weer van hierdie benodighede in hulle winkel in die CBD en by die nuwe winkel wat op Maandag 4 September by die Wildevy Sentrum geopen het.

Hospice het tans 'n dringende behoefte aan vrywilligers, boekrakke, vertoonkaste en algemene winkel benodighede. Die Rusties wil dus ander organisasies uitdaag om Hospice verder te ondersteun.

**Indien u of u onderneming op enige manier betrokke wil raak, kontak Hospice op 014-592 8925 of e-pos hospiceshop2@gmail.com.**


Van links: Adrie Jacobs, liefdadigheidsorganiseerder van RHS en Reinette van Aswegen van Hospice Rustenburg.

## Impala vs Welkom, die naweek

**Rustenburg** – Die Newrak Impala Eerste rugbyspan het Saterdag, 16 September, teen Sasol-Hydra te Secunda kragte gemeet.

Ná 'n onderskepdrie in die doodsnikke net voor die finale fluitjie geblaas is, verloor Imapala met 32-29. Sidney Tobias, haker, is aangewys as *man of the match* – hy het 'n goeie wedstryd gehad. Jaco Fourie het self ook 'n goeie dag op die veld gehad met twee drieë.

Daar is twee wedstryde wat voorlê in die *Gold Cup* liga. "Ons manne is honger vir 'n wen," aldus Naas Olivier, Newrak Impala Rugby klub besigheidsbestuurder in 'n onderhoud met die *Platinum Weekly* koerant.

Díe Saterdag, 23 September, kom Impala teen Welkom Rugbyklub te staan. Die spel vind plaas by die Impala Rugbyklub om 16h00. "Ons het die gemeenskap se ondersteuning nodig sodat ons manne weer op die wenpad kan kom," sê Olivier.

## Rugby Kampioenskapsreeks 2017

**Suid-Afrika vs Nieu-Seeland**

In Albany Nieu-Seeland behaal die All Blacks 'n rekord oorwinning oor die Bokke, 57-0... Ja ou groene, 0-57. Die nul kan nie gemis word nie.

Vernederend, afgryslik en so kan mens aangaan. Na hierdie gemors moet daar indringend gekyk word na die knape in beheer en span keuses. Hierdie Bokspan se bestuur is 'n verleentheid vir Suid Afrika. Almal weet egter wat die probleem in ons *ruggas* is, maar die wat weet mag nie vertel nie. Die Bok is aan die doodgaan ou groene.

Suid Afrika speel volgende teen die *Aussies* op 30 September in Bloemfontein en die All Blacks reis Buenos Aires toe om 1 Oktober teen die Poemas uit te draf.

**Australië vs Argentinië**

Die Wallabies lewer 'n goeie vertoning in Canberra en klop die Argentyne gemaklik 45-20. Die *Aussies* het namate die wedstryd gevorder het baie gevaarlik gelyk met bal in hand. Die Argentyne is nou maar eenmaal nie opgewasse vir die klas *ruggas* nie.

## Curriebeker 2017

**Haaie vs Griekwas**

In Kimberley behaal die Haaie 'n goeie weg-oorwinning en verdien volpunte met hulle sege van 40-22. Die was die Haaie se agste agtereenvolgende wen en hulle is tans in die binnebaan vir 'n tuis semifinaal. Die Haaie se volgende *game* is in die Haaitenk waar hulle teen die Blou Bulle gaan uitdraf. Die Griekwas reis Nuweland toe om teen die WP uit te draf.

**Pumas vs WP**

In een van die grootste verrassings in vanjaar se reeks, klop die Pumas die WP in Nelspruit 22-12. Die Pumas was met rustyd 12-3 agter op die telbord en het met ander planne in die tweede helfte opgedaag. Hulle het die WP geboelie in die losspel en skrums en dodelik verdedig. Die Bokbestuur kan gerus die video opname van hierdie *game* kyk om te sien hoe die *underdogs* 'n groot hond verniel ou grote. Die WP speel volgende tuis teen die Griekwas met die Pumas wat in Bloem teen die Cheetahs uitdraf.

**Goue Leeus vs Blou Bulle**

Die Bulle speel dalk hulle beste *game* van die seisoen maar verloor teen die Leeus 36-33. Die Bulle het darem twee waardevolle bonuspunte verdien met die Leeus wat 'n voltal kry. Die sterk jong senter Ruan Janse van Rensburg het 'n *skitter* game gehad en is beloon met twee puik drieë. Hoekom hy nie in die Bokspan speel nie sal net die duiwel weet. Vir die Bulle het jong heelagter Warrick Gelant ook gewys dat hy vir die Bokke kan uitdraf. Hy is sterk en baie vinnig, en kan dodelik verdedig.

Die Leeus het volgende 'n loslootjie terwyl die Bulle Durban toe moet reis om teen die Haaie uit te draf.

**Nag ou grote…**

Send your event listing to news@platinumweekly.co.za ** Free Placement!

# PLATINUM EVENT DIARY

| EVENT NAME | DATE | VENUE | CONTACT NO | EMAIL / WEBSITE |
|---|---|---|---|---|
| SAVF charity golf day | 22 Sept '17 | RTB: Golf Club | 072-480 1108 | rustenburg.admin@savf.co.za |
| Cycling: MTB Nissan Trailseeker | 23 Sept '17 | Hazeldean | 082-806 4906 | rustenburg.cycling@gmail.com |
| The Ultimate Braai-off | 23 Sept '17 | RTB: Platinum Square | 082-823 8806 | elize@mseed.co.za |
| BirdLife Rustenburg Outing | 23 Sept '17 | BRITS: Borakalalo National Park | 083-702 1462 | shaunmcgillewie@gmail.com |
| Cycling: Trail R & MTB Mathaithai MTB Race | 24 Sept '17 | RTB: Lebone College II | 082-806 4906 | rustenburg.cycling@gmail.com |
| Outlawz Motorcycle Garage Braai Day | 25 Sept '17 | RTB: Gateway Junction | 082-458 8697 | outlawz.rtb@gmail.com |
| Heritage and Environment Day | 27 Sept '17 | HARTIES: Meerhof Lodge | 071-382 5905 | mike@meerhoflodge.co.za |